## NOTICE 427 OF 1998

**SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**

11 MARCH 1998

**VAT Practice Note: No. 1 of 1998**

**DOCUMENTARY PROOF REQUIRED ON CONSIGNMENT OR DELIVERY OF MOVABLE GOODS TO A RECIPIENT AT AN ADDRESS IN AN EXPORT COUNTRY**

(Section 11(1)(a) read with paragraph (a) of the definition of "exported" in section 1 of the Value-Added Tax Act, 1991)

### 1. INTRODUCTION

In order to tax the supply of movable goods supplied in terms of a sale or instalment credit agreement at the zero rate in terms of section 11(1)(a) read with paragraph (a) of the definition of "exported" in section 1 of the Act, the RSA vendor who supplies the movable goods must—

- *consign or deliver* them
- to the *recipient* at an address in an export country
- as substantiated by *documentary proof* acceptable to the Commissioner.

### 2. DEFINITIONS

For the purposes hereof, any word or expression defined in the Act, bears the meaning so assigned thereto, and, unless the context otherwise indicates—

***"cartage contractor"*** means a person who is registered under the Act as a vendor, transport being its main activity, and who has been engaged by the RSA vendor to transport and deliver the goods to the *recipient* at an address in an export country. For the purposes of this Practice Note, *cartage contractor* includes couriers, the Post Office Limited and freight forwarders if so registered for VAT purposes;

***"consigned or delivered"*** means—

(i) physically delivered by the RSA vendor to the *recipient* at an address in the export country; or

(ii) where the RSA vendor uses a *cartage contractor* to deliver the goods on his (the RSA vendor's) behalf to the *recipient* at an address in an export country, only if the *cartage contractor* is contractually liable to the RSA vendor to effect delivery of the goods and the RSA vendor is liable for the full cost relating to such delivery;

***"documentary proof"*** means the documentation prescribed in paragraph 4;

## KENNISGEWING 427 VAN 1998

**SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

11 MAART 1998

**BTW-Praktyknota: No. 1 van 1998**

**DOKUMENTêRE BEWYS BENODIG BY VERSENDING OF AFLEWERING VAN ROERENDE GOED AAN 'N ONTVANGER BY 'N ADRES IN 'N UITVOERLAND**

(Artikel 11(1)(a) saamgelees met paragraaf (a) van die woordomskrywing van "uitgevoer" in artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991)

### 1. INLEIDING

Ten einde die lewering van roerende goed wat ingevolge 'n verkoop of 'n paaiementkrediet-ooreenkoms gelewer word kragtens artikel 11(1)(a) saamgelees met paragraaf (a) van die woordomskrywing van "uitgevoer" in artikel 1 van die Wet teen die nulkoers te belas, moet die RSA-ondernemer wat die roerende goed lewer, dit—

- *versend of aflewer*
- aan die *ontvanger* by 'n adres in 'n uitvoerland
- soos gestaaf deur *dokumentêre bewys* wat vir die Kommissaris aanvaarbaar is.

### 2. WOORDOMSKRYWINGS

Vir doeleindes hiervan dra enige woord of uitdrukking wat in die Wet omskryf is, die betekenis aldus daaraan geheg, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

***"die Wet"*** die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991);

***"dokumentêre bewys"*** die dokumente soos voorgeskryf in paragraaf 4;

***"ontvanger"*** die persoon aan wie die lewering van roerende goed ingevolge 'n verkoop- of paaiementkredietooreenkoms gemaak is;

***"uitvoerdepot"*** die perseel van 'n *vervoerkontrakteur*;

***"versend of afgelewer"***

(i) fisies deur die RSA-ondernemer *afgelewer* aan die *ontvanger* by 'n adres in die uitvoerland; of

(ii) waar die RSA-ondernemer gebruik maak van 'n *vervoerkontrakteur* om die goed namens hom (die RSA-ondernemer) af te lewer aan die *ontvanger* by 'n adres in die uitvoerland, **slegs** indien die *vervoerkontrakteur* kontraktueel aanspreeklik is teenoor die RSA-ondernemer vir aflewering van die goed en die RSA-ondernemer aanspreeklik is vir die volle kostes ten opsigte van sodanige aflewering; en

Withdrawn

*"export depot"* means the premises of a *cartage contractor*;

*"recipient"* means the person to whom the supply of movable goods in terms of a sale or instalment credit agreement is made; and

*"the Act"* means the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991).

3. SECOND-HAND GOODS

The zero rate is not applicable in respect of supplies of **second-hand goods** if a notional input tax credit was claimed by the RSA vendor or any other person who is a connected person in relation to the vendor, when the goods were acquired. In terms of the proviso to section 11(1) read with the provisions of section 10(12) of the Act, tax is chargeable, to the *recipient*, equal to the notional input tax credit claimed by the RSA vendor. Such VAT may not be refunded by the vendor.

4. DOCUMENTARY PROOF

As proof of export and in support of the zero-rated tax invoice or the tax invoice showing tax equal to the notional input tax credit claimed, issued by him, the RSA vendor must ensure that apart from his copy of that tax invoice he obtains the documents prescribed below within **two months** of the date of the tax invoice and retains them for a period of five years.

4.1 PHYSICAL *DELIVERY* BY THE RSA VENDOR

Where the supplier, being a RSA vendor physically delivers the goods to a *recipient* at an address in an export country, the RSA vendor must obtain **all** the following documentation:

(i) Either the *recipient*'s order or the contract between him and the RSA vendor;
(ii) a copy of the export documentation prescribed under the Customs and Excise Act, 1964 bearing an original RSA Customs and Excise stamp;
(iii) proof that the goods have been received by the *recipient* in the export country; and
(iv) proof of payment.

4.2 GOODS CONVEYED BY A *CARTAGE CONTRACTOR*

Where the supplier, being a RSA vendor delivers the goods to an *export depot*, a railway station, a harbour, an airport, a postal service or a courier service in the Republic or the *cartage contractor* takes possession of the goods at the premises of the RSA vendor, from where the goods are exported to the *recipient* at an address in an export country, the RSA vendor must obtain **all** the following documentation:

*"vervoerkontrakteur"* 'n persoon wat ingevolge die Wet geregistreer is as 'n ondernemer met vervoerdienste as hoofaktiwiteit en aan wie die RSA-ondernemer opdrag gee om die goed te vervoer en af te lewer aan die *ontvanger* by 'n adres in 'n uitvoerland. Vir die doeleindes van hierdie Praktyknota, sluit *vervoerkontrakteur* koeriers, die Poskantoor Beperk en vragvervoeragente in, indien so vir BTW doeleindes geregistreer.

3. TWEEDEHANDSE GOED

Die nulkoers word nie op lewerings van **tweedehandse goed** toegepas nie, indien die RSA-ondernemer of 'n ander persoon wat 'n verbonde persoon met betrekking tot die RSA-ondernemer is met die aankoop van die goed 'n geagte insetbelastingaftrekking geëis het. Ingevolge die voorbehoudsbepaling tot artikel 11(1) gelees met die bepalings van artikel 10(12) van die Wet, is belasting gelykstaande aan die geagte insetbelastingaftrekking geëis deur die RSA-ondernemer hefbaar op die *ontvanger*. Dié BTW mag nie deur die ondernemer terugbetaal word nie.

4. DOKUMENTêRE BEWYS

As bewys van die uitvoer en ter ondersteuning van die nulkoersbelastingfaktuur of 'n belastingfaktuur wat belasting gelykstaande aan die geagte insetbelastingaftrekking geëis toon wat deur hom uitgereik is, moet die RSA-ondernemer verseker dat hy bo en behalwe sy afskrif van hierdie belastingfaktuur binne **twee maande** vanaf die datum van die belastingfaktuur in besit kom van die dokumente wat hieronder voorgeskryf word en dit vir 'n periode van vyf jaar bewaar.

4.1 FISIESE *AFLEWERING* DEUR DIE RSA-ONDERNEMER

Waar die leweraar, synde 'n RSA-ondernemer die goed fisies aflewer aan 'n *ontvanger* by 'n adres in 'n uitvoerland, moet die RSA-ondernemer **al** die volgende dokumente bekom:

(i) Die *ontvanger* se bestelling of die kontrak tussen hom en die RSA-ondernemer;
(ii) 'n afskrif van die uitvoerdokumentasie soos voorgeskryf ingevolge die Doeane- en Aksynswet, 1964 waarop 'n oorspronklike RSA Doeane en Aksyns stempel aangebring is;
(iii) bewys dat die goed deur die *ontvanger* in die uitvoerland in ontvangs geneem is; en
(iv) bewys van betaling.

4.2 GOED GEKARWEI DEUR 'N *VERVOERKONTRAKTEUR*

Waar die leweraar, synde 'n RSA-ondernemer die goed by 'n *uitvoerdepot*, spoorwegstasie, hawe, lughawe, pos- of koerierdiens in die Republiek aflewer of die *vervoerkontrakteur* besit neem van die goed by die perseel van die RSA-ondernemer, waarvandaan die goed uitgevoer word na die *ontvanger* by 'n adres in 'n uitvoerland, moet die RSA-ondernemer **al** die volgende dokumente bekom:

Withdrawn

**4.2.1 By road**

(i) Either the *recipient*'s order or the contract between him and the RSA vendor;
(ii) proof that the RSA vendor paid the transport costs;
(iii) proof that the goods have been received by the *recipient* in the export country;
(iv) a copy of the export documentation prescribed under the Customs and Excise Act, 1964 bearing an original RSA Customs and Excise stamp; and
(v) proof of payment.

**4.2.2 By rail**

(i) Either the *recipient*'s order or the contract between him and the RSA vendor;
(ii) proof that the RSA vendor paid the transport costs;
(iii) a copy of the freight transit order issued by Spoornet;
(iv) a copy of the combined consignment note and invoice issued by Spoornet; and
(v) proof of payment.

**4.2.3 By ship**

(i) Either the *recipient*'s order or the contract between him and the RSA vendor;
(ii) proof that the RSA vendor paid the transport costs;
(iii) a copy of the bill of lading which must contain a description of the goods to be exported. Where the goods of more than one vendor will be exported in one consignment and only one bill of lading is issued, such bill of lading must be accompanied by an annexure issued by a clearing agent containing a full description of the goods supplied by each vendor. This description must specify the quantity or mass, as well as the value of the relevant goods;
(iv) a copy of the export documentation prescribed under the Customs and Excise Act, 1964 bearing an original RSA Customs and Excise stamp; and
(v) proof of payment.

**4.2.4 By air**

(i) Either the *recipient*'s order or the contract between him and the RSA vendor;
(ii) proof that the RSA vendor paid the transport costs;
(iii) a copy of the air waybill as well as the flight number and the date and place of departure;
(iv) a copy of the export documentation prescribed under the Customs and Excise Act, 1964 bearing an original RSA Customs and Excise stamp; and
(v) proof of payment.

**4.2.1 Per pad**

(i) Die *ontvanger* se bestelling of die kontrak tussen hom en die RSA-ondernemer;
(ii) bewys dat die RSA-ondernemer die vervoerkostes betaal het;
(iii) bewys dat die goed deur die *ontvanger* in die uitvoerland in ontvangs geneem is;
(iv) 'n afskrif van die uitvoerdokumentasie soos voorgeskryf ingevolge die Doeane- en Aksynswet, 1964 waarop 'n oorspronklike RSA Doeane en Aksyns stempel aangebring is; en
(v) bewys van betaling.

**4.2.2 Per spoor**

(i) Die *ontvanger* se bestelling of die kontrak tussen hom en die RSA-ondernemer;
(ii) bewys dat die RSA-ondernemer die vervoerkostes betaal het;
(iii) 'n afskrif van die vragdeurvoerorder uitgereik deur Spoornet;
(iv) 'n afskrif van die gekombineerde vragbrief en faktuur uitgereik deur Spoornet; en
(v) bewys van betaling.

**4.2.3 Per skip**

(i) Die *ontvanger* se bestelling of die kontrak tussen hom en die RSA-ondernemer;
(ii) bewys dat die RSA-ondernemer die vervoerkostes betaal het;
(iii) 'n afskrif van die vragbrief (bill of lading) wat 'n beskrywing van die goed wat uitgevoer word, moet bevat. In gevalle waar meer as een ondernemer se goed met een vrag uitgevoer word en slegs een vragbrief uitgemaak word, moet die vragbrief van 'n aanhangsel uitgereik deur 'n klaringsagent vergesel wees, wat 'n volledige beskrywing bevat van die goed wat deur elke ondernemer gelewer is. Hierdie beskrywing moet aandui wat die hoeveelheid of massa asook die waarde van die betrokke goed is;
(iv) 'n afskrif van die uitvoerdokumentasie soos voorgeskryf ingevolge die Doeane- en Aksynswet, 1964 waarop 'n oorspronklike RSA Doeane en Aksyns stempel aangebring is; en
(v) bewys van betaling.

**4.2.4 Per lug**

(i) Die *ontvanger* se bestelling of die kontrak tussen hom en die RSA-ondernemer;
(ii) bewys dat die RSA-ondernemer die vervoerkostes betaal het;
(iii) 'n afskrif van die vragbrief (air waybill) asook die vlugnommer en die datum en plek van vertrek; en
(iv) 'n afskrif van die uitvoerdokumentasie soos voorgeskryf ingevolge die Doeane- en Aksynswet, 1964 waarop 'n oorspronklike RSA Doeane en Aksyns stempel aangebring is; en
(v) bewys van betaling.

Withdrawn

4.2.5 **By post**

(i) Either the *recipient's* order or the contract between him and the RSA vendor;

(ii) proof that the RSA vendor paid the postage costs;

(iii) proof of receipt of the goods by the postal service; and

(iv) proof of payment.

5. **GENERAL**

5.1 The goods must be exported within **one month** of the date of the tax invoice.

5.2 In the event of the documentation, referred to in paragraph 4 not having been obtained by the RSA vendor by the last day of the tax period which ends after the expiry of a period of **two months** calculated from the date of the relevant tax invoice, the supply will be deemed to be at the standard rate and the RSA vendor must consequently calculate output tax by applying the tax fraction to the consideration (the selling price is deemed to include tax— section 64(1)), and include the amount of output tax so calculated in Block 12 of the return for remittance (form VAT 201) rendered for the tax period in which the said period of two months ends.

5.3 Should the RSA vendor receive the documentation in respect of which output tax was calculated in terms of paragraph 5.2 **within one year** from the date of the transaction, the amount previously included in Block 12 of form VAT 201 may be claimed as an input tax credit in Block 18, for the tax period in which this documentation is received.

5.4 The rate of tax applicable for purposes of paragraphs 5.2 and 5.3 is the rate of tax in force at the date of issue of the tax invoice.

4.2.5 **Per pos**

(i) Die *ontvanger* se bestelling of die kontrak tussen hom en die RSA-ondernemer;

(ii) bewys dat die RSA-ondernemer die posgeld betaal het;

(iii) bewys van ontvangs van die goed deur die posdiens; en

(iv) bewys van betaling.

5. **ALGEMEEN**

5.1 Die goed moet binne **een maand** na die datum van die belastingfaktuur uitgevoer word.

5.2 Waar die dokumente beoog in paragraaf 4 nie teen die laaste dag van die belastingtydperk, wat eindig na die verstryking van 'n periode van **twee maande** bereken vanaf die datum van die betrokke belastingfaktuur, deur die RSA-ondernemer bekom is nie, sal die lewering geag word teen die standaardkoers te wees. Die RSA-ondernemer moet gevolglik uitsetbelasting bereken deur die belastingbreukdeel op die vergoeding, (die verkoopprys word geag belasting in te sluit— artikel 64(1)), toe te pas en moet hy die bedrag uitsetbelasting wat so bereken is by Blok 12 van die opgawe vir betaling (vorm BTW 201) insluit, wat ingedien word vir die belastingtydperk waarin die genoemde tydperk van twee maande eindig.

5.3 Waar die RSA-ondernemer die dokumente ten opsigte waarvan uitsetbelasting ingevolge paragraaf 5.2 bereken is, wel binne **een jaar** vanaf die datum van die transaksie ontvang, kan die bedrag wat voorheen by Blok 12 van die vorm BTW 201 ingesluit is as 'n insetbelastingkrediet by Blok 18 geëis word vir die belastingtydperk waarin die dokumente ontvang is.

5.4 Die belastingkoers vir doeleindes van paragrawe 5.2 en 5.3 is die koers wat van toepassing is op die datum waarop die belastingfaktuur uitgereik is.

Withdrawn